



DIE SKIETLOOD

SKIETLOOD: 35e Uitgawe 14 Maart 2014 saam met Koersvas 35

Staat van Belydenis. Staat van beskuldiging?

Ons meet ons lewens aan verskillende standaarde, afhangende van die kontekste waarbinne ons beweeg. In die geloofsgemeenskap is die Bybel die maatstaf wat saakmaak. 'n Bespreking oor die Staat van Belydenis roep ons en rig ons altyd aan die hand van die Skrif.

2 Johannes 1:9 – 11 Elkeen wat nie by die leer oor Christus bly nie, maar daaraan verander, erken God nie. Wie in dié leer bly, erken sowel die Vader as die Seun. As daar iemand na julle toe kom wat 'n ander leer bring, moet julle hom nie in julle huise ontvang nie en hom selfs nie groet nie, want wie hom groet, is saam skuldig aan die kwaad wat hy doen.

Die Staat van Belydenis is geen middelmatige dokument nie. Dit is meer as die uitropteken aan die einde van 'n twee jaar lange verloop van protes. Dit trek inderdaad 'n streep in die sand. Die Staat van Belydenis polariseer, dit kan nie anders nie.

Die hoë boom staan die grootste gevaar om deur die winde van weerstand geruk te word en gevolglik is dit hierdie boom se wortels wat die meeste getoets word.

Die Skietlood wil nie weer teruggaan na die oorsprongsgeskiedenis of die inhoud toe nie. Die geskiedenis kan in **INLIGTINGSTUKKE 2012 en 2013** nagelees word. Die inhoud is onder andere behoorlik getoets in die 9e uitgawe van Skietlood op 8 Maart 2013. Beskikbaar by www.steedshervormers.co.za. Daar is twee sake en hulle implikasies wat net van nader beskou moet word:

- Die eerste is die adres (m.a.w *die persone/ instansie/ vergadering wat aangespreek word*) van die Staat van Belydenis.

- Die tweede is die implikasies van hul reaksie op hierdie belangrike dokument. Die adres van die Staat van Belydenis is nie (*soos duidelik gestel in die slot van die Staat van Belydenis*) die hele Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA), elke gemeente, elke kerkraad en elke lidmaat soos blatant verkeerdelik deur die KommAKV verkondig nie. Toets dit self op www.steedshervormers.co.za. Die Staat van Belydenis is geadresseer aan die Algemene Kerkvergadering (AKV) van die NHKA. Dit is die vergadering wat gekies het om 'n besluit te neem wat dui op 'n nuwe theologiese rigting. Dit is by hierdie vergadering waar die theologiese denke van die NHKA Universiteit van Pretoria se theologiedosente in beskerming geneem is. Dit is nie een spesifieke AKV wat uitgesonder word nie, maar elke opvolgende AKV van die NHKA. Die 69e AKV het onwettig (sien dokument op bogenoemde skakel) besluit om Beskrywingspunt 54 te aanvaar. Die Kommissie van die 69e AKV het die besware lomp en hardhandig hanteer. Dit is ook die 69e KommAKV wat besluit het om 'n Buitengewone Algemene Kerkvergadering (BAKV) byeen te roep, die 69e AKV se BAKV het besluit om self regter te speel oor eie besluite en nog erger besluite te neem. Dieselfde BAKV het sekere besluite onregmatig geneem (net agendasake kan hanteer word tydens 'n BAKV) – hulle het flagrant hul eie reëls oortree. Al die onkerkordelike, onregmatige en aanmatigende optredes van die 69e KommAKV dra die 70e AKV se goedkeuring weg. Die 70e AKV het die Kommissie van die 69e AKV se verslag aanvaar en daarmee saam alle onregmatighede en vergrype hul eie verantwoordelikheid gemaak. Dit sluit in die robuuste **onkerkordelike verwerping**



van die Staat van Belydenis. Die 70e KommAKV volg getrou in die voetspore van hul voorgangers in plaas van “in Jesus se voetspore”.

Daar is talle lidmate en gemeentes wat geen kennis dra van dié toedrag van sake nie. Ampsdraers (ouderlinge en predikante) is skuldig daaraan dat hulle geen inligting of bloot selektief inligting deurgegee het aan kerkrade en gemeentes. Die adres van die Staat van Belydenis is met reg die AKV (vergadering van die ampte) en derhalwe die ampsdraers, in besonder die predikante. Die noodsaaklikheid van ‘n dokument soos die Staat van Belydenis het opnuut duidelik geword toe die dosente gekies het om die A.S. Geyser gedenklesing in te stel nou in Februarie 2014. Die instel van ‘n gedenklesing vir ‘n persoon wat 50 jaar gelede aan dwaalleer skuldig bevind is, spreek boekdele. Die AKV het ook dié optrede van die dosente in beskerming geneem.

Dit sou nie verregaande wees nie om te stel dat almal wat by die 70e AKV teenwoordig was, aandadig is aan alles wat voortvloei uit besluite daar geneem. Hierdie skuld sny ook dieper. Lidmate word vertel dat “alles dieselfde” is en dat nikksal verander nie. Vele gemeentes is “nog steeds kerk soos altyd”. Intussen is daar NHKA gemeentes waar charismatiese prediking en liturgieë algemene praktyk is.

Tog word gemeentes met drogredenasies gemelk en gepaai vir elke heffingsent wat verhaal kan word. Heffings word **sinodale offergawes** genoem sonder enige AKV-besluit om die naam te verander. Die geld word uit gemeentes gesmeek, gedreig en gemanipuleer sodat sentrale “kerkwees”-aktiwiteite kan voortgaan sonder tekort! Gemeentes gaan skuld aan, gebruik beleggingsgeld en pak groot projekte aan. Gemeentes “stig terug”, eiendomme word vervreem en agterstallige heffings word betaal voor enige ander rekening vereffen word. Dit, sodat dosente gedenklesings kan

hou en mede-gelowiges verguis en verniel kan word deur ‘n **onkerkordelike litigasiekomitee**. Dit, sodat afgevaardigdes die wêreld vol kan reis om deel te wees van die bevrydingsteologiese WCRC!

Die vergadering van ampte wat hierdie sake moet bestuur en moet verseker dat die las van gemeentes ligter gemaak word, woed egter voort in die besluite wat tydens die 70e AKV geneem is en implementeer word. En dan projekteer hulle hul blaam op die steedsHervormers en Bondsgemeentes wat voortgaan om kerk te wees sonder enige politieke agenda of selfdienende voorskrifte van “Pretoria”.

Oor **die sake wat in die Staat van Belydenis aangespreek word**, word deur ook hierdie KommAKV geen woord gerep nie. Die “bose” dokument word verwerp, diegene wat dit onderskryf word gemarginaliseer, verguis en daarvan beskuldig dat hulle die NHKA tot ketters verklaar het. Die mense teen wie die Staat van Belydenis getuig kan of wil nie reageer of bekeer nie. **Hulle volhard en beskerm gnostiese gedagtes soos “diebeeld van God in die mens”**, hulle verskans die leuen. Hulle volhard in die sake wat as wekroep gestel is as sake wat verkeerd is. Miskien het dit tyd geword dat hulle die skoen aanpas wat hulle in ons hande geplaas het. Uit hulle eie monde en optredes word dit duidelik.

Miskien **het** die Staat van Belydenis ‘n dokument geword wat sekere mense tot ketters verklaar. Miskien **moet** almal ag slaan op 2 Johannes 1:9-10.

Miskien **moet** lidmate en gemeentes **weer dink** oor die geld en lojaliteit wat hulle so blindelings gee.

Miskien moet die Staat van Belydenis **gelees word**, miskien is daar baie ampsdraers wat eintlik in ‘n staat van beskuldiging moet wees.